So is ons verraai (26)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (**Verkrygbaar by** Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (16)

Die sewentigerjare, selfonderhoudendheid en "Bantoestans" (vervolg)

Die skoolkinders in Soweto het, soos elders in die land, hulle primêre onderwys slegs deur middel van hulle moedertaal ontvang. Gedurende hulle sekondêre opleiding in die hoërskool is moedertaalonderrig vir omtrent die helfte van die vakke voortgesit, terwyl die res gelykop verdeel is vir onderrig in Engels en Afrikaans. Omdat Soweto buite 'n tuisland geleë is, en die meeste kinders na skoolverlating in óf Engelse óf Afrikaanse werksomstandighede opgeneem is, was dit 'n sinvolle en praktiese reëling. Engels en Afrikaans was toe immers die twee amptelike tale van Suid-Afrika. 'n Verdere faktor wat meertalige opleiding gedurende dié tydperk genoodsaak het, was die geweldige groei in swart leerlinggetalle, wat 'n chroniese tekort aan onderwysers tot gevolg gehad het. Die regering het die probleem probeer oplos deur in baie skole Afrikaans- en Engelssprekende onderwysers aan te stel. Dit was 'n tussentydse maatreël wat noodgedwonge gevolg moes word tot tyd en wyl daar voldoende swart onderwysers beskikbaar sou wees.

In ieder geval, in sommige skole is daar selfs beswaar gemaak teen aanbieding in Afrikaans van so min as 'n kwart van die hoërskoolvakke. Dié skole het vrystelling ten gunste van Engelse onderrig gevra en die versoeke is dikwels toegestaan. Amerikaanse en kommunistiese opruiers teen die wit regering was egter in baie swart skole bedrywig. Die agitators het dikwels deur swart onderwysers gewerk en in Soweto was 'n spesiale klub bedrywig, waar leerlinge aan haatspraak blootgestel is. Poësie waarin die moord op blanke fetusse en die ophang en verbranding van blankes verheerlik is, is as kunsvorm besing (*Hertzog: 159-161*). Snaaks genoeg, het die swart bewussyn aktiviste, wat so behep was met die swartes se kultuur en vyandig teenoor dié van die "wit setlaars", geen probleem gehad met Engels as onderrigtaal nie — 'n "wit setlaarstaal as daar ooit een was! Dit toon alreeds dat daar 'n verborge agenda agter die "Soweto opstand" was. Gedurende 1974 het die onderwysowerhede van Suid-Transvaal (waar Soweto geleë is) bepaal dat *slegs twee vakke* (rekeningkunde en sosiale studies) in dié streek deur middel van Afrikaans aangebied moes word; en dit het slegs op sekondêre (hoërskool) onderwys betrekking gehad — *Giliomee: 530*. Selfs hierdie toegewing is onmiddellik teengestaan met versoeke dat ook dié twee vakke in Engels aangebied moes word. Die versoeke is egter geweier.

DIT was die werklike situasie op 16 Junie 1976 toe "protes teen Afrikaanse onderrig" in sewe skole van Soweto ontvlam het. In ses van daardie skole was daar géén onderrig in Afrikaans nie en in die sewende was een enkele vak in Afrikaans aangebied; nogtans het hulle plakkate rondgeswaai met die slagspreuk: "We shall not use Afrikaans as a medium of instruction"! Kort voor lank het 20 000 siedende swart leerlinge Soweto op horings geneem en so ver as wat hulle gegaan het, brand gestig, gemoor, geroof en vernietig. Blanke mans en vrouens wat in Soweto gewerk het, is omsingel en aangerand. 'n Blanke amptenaar (J.N.B. Esterhuizen) is in sy motor voorgekeer en met kapmesse doodgeslaan.

Die Joodse welsynswerker dr. Melville Edelstein is uit sy kantoor gesleep, waarna die sogenaamde “vreedsaam demonstrerende geviktimiseerde” skoolkinders sy kop met grawe verpulp het. Die Polisie het probeer om orde te herstel, maar kon aanvanklik niks uitvoer nie. Hulle is deur groot skares met klippe bestook en polisiehonde is aan die brand gesteek. By een van die onluspunte is ’n paar polisiemanne deur ’n horde oproermakers omsingel en aangeval, waarop die polisie noodgedwonge op hulle aanvallers moes vuur. Honderde oproermakers met insluiting van skoolkinders wat daaraan meegedoen het, is in die chaos wat deur die land versprei en vir maande geduur het, doodgeskiet en gewond (*Bothma: 360-362; Die Burger: 16 Junie 2000; Stadler: 39*).

Die massamedia en die internasionale gemeenskap het van verontwaardiging ontplof. Dieselfde Britse koerante wat nie so lank terug nie Milner se vertrapping van moedertaalonderrig vir Boerekinders ten einde hulle te verengels, toegejuig het, was voor in die koor. Onder die woedende aanvallers was ook die sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, Kurt Waldheim, ’n voormalige Nazi-stormtroep. Baie Afrikalande — waar kinders nie aan onderrig in ongewenste tale onderworpe was nie, maar op groot skaal van honger omgekom het — het luidkeels saam met die moreel beswaardes gesnik. Terwyl die polisie die Soweto onluste onder beheer gebring het, het Idi Amin, 500 000 Ugandese afgemaai; en het “keiser” Bokassa van die Sentraal Afrikaanse Republiek, sy persoonlike krokodille en leeus met van sy ongelukkige onderdane gevoer (en volgens sommige bronne ook self aan hulle gesmul). ’n Volledige lys van soortgelyke afgryslike vergrype deur despote wêreldwyd kan boekdele vul. Desnieteenstaande het die Franse regering wat ná die Soweto-gebeure wapenverkope aan Suid-Afrika beëindig het, Bokassa “’n vriend en familielid” genoem; terwyl Uganda ’n trotse lid van die Verenigde Nasies se Kommissie vir Menseregte geword het... Dosyne ander verfoeilike regimes het eweneens voortgegaan met hulle onbeperkte, vriendelike verhoudings op die internasionale front — soos die Khmer Rouge, wat op daardie selfde tydstip honderde duisende onbegraafde lyke op die Kambodjaanse platteland laat ophoop het, en dit sonder enige veroordeling deur die VN se Algemene Vergadering (*Vicemedia, 19 September 2014*). (*Word vervolg*).